

Handelinge 16

Handelinge 16:1-40

1 En hy het in Derbe en Listre aangekom; en daar was 'n dissipel met die naam van Timótheüs, seun van 'n gelowige Joodse vrou, maar van 'n Griekse vader. 2 Hy het goeie getuienis gehad van die broeders in Listre en Ikónium. 3 Paulus wou hê dat hy saam met hom op reis sou gaan, en hy het hom geneem en besny ter wille van die Jode wat in daardie streke was; want hulle het almal geweet dat sy vader 'n Griek was.

4 En op hulle reis deur die stede het hulle die verordeninge wat deur die apostels en die ouderlinge in Jerusalem vasgestel was, aan hulle oorgegee om te onderhou. 5 En die gemeentes is versterk in die geloof en het elke dag vermeerder in getal.

6 En hulle het deur die land Frígië en Galásië gegaan, omdat die Heilige Gees hulle verhinder het om in Asië die woord te verkondig. 7 En toe hulle by Mísië kom, het hulle probeer om na Bithínië te gaan, maar die Gees het hulle dit nie toegelaat nie.

8 So het hulle dan Mísië verbygegaan en na Troas afgekom. 9 En Paulus het 'n gesig in die nag gesien – daar staan 'n Macedóniër wat hom smeek en sê: Kom oor na Macedónië en help ons!

10 En toe hy die gesig gesien het, het ons dadelik probeer om na Macedónië te gaan, omdat ons versekerd was dat die Here ons geroep het om die evangelie aan hulle te verkondig.

11 Ons het dan afgevaar van Troas en reguit koers gehou na Samothráce, en die volgende dag na Neápolis, 12 en daarvandaan na Filíppi, wat die eerste stad is van daardie deel van Macedónië, 'n kolonie. En ons het in hierdie stad 'n paar dae deurgebring.

13 En op die sabbatdag het ons uitgegaan buitekant die stad langs 'n rivier waar die gebruikelike bidplek was, en ons het gaan sit en met die vrou gespreek wat daar bymekaargekom het. 14 En 'n vrou met die naam van Lídia, 'n purperverkoopster van die stad Thiatíre, 'n godsdienstige vrou, het geluister; die Here het haar hart geopen om ag te gee op wat deur Paulus gesê is. 15 En toe sy en haar huisgesin gedoop is, het sy by ons aangedring en gesê: As u oordeel dat ek in die Here glo, kom dan in my huis en bly daar. En sy het ons gedwing.

16 En terwyl ons op pad was na die bidplek, kom 'n slavin met 'n waarsêende gees ons teë, wat vir haar eienaars deur waarsêery groot wins ingebring het. 17 Sy het Paulus en ons gevolg en geskreeu en gesê: Hierdie manne is dienaars van God, die Allerhoogste, en hulle verkondig aan julle die weg van verlossing.

18 En dit het sy baie dae lank gedoen; maar baie ontevrede daaroor, het Paulus hom omgedraai en vir die gees gesê: Ek beveel jou in die Naam van Jesus Christus om uit haar uit te gaan. En hy het op dieselfde oomblik uitgegaan.

19 En toe haar eienaars sien dat die hoop van hulle wins weg was, het hulle Paulus en Silas gegryp en hulle na die mark voor die owerheid gesleep 20 en hulle voor die regters gebring en gesê: Hierdie manne bring ons stad in opskudding, omdat hulle Jode is, 21 en hulle verkondig sedes wat vir ons nie geoorloof is om aan te neem of na te volg nie, omdat ons Romeine is.

22 En die skare het saam teen hulle opgestaan, en die regters het hulle klere laat afskeur en bevel gegee om hulle met stokke te slaan. 23 En toe hulle hul baie slae gegee het, het hulle hul in die gevangenis gewerp en die tronkbewaarder bevel gegee om hulle sorgvuldig te bewaak. 24 Hy het toe, omdat hy so 'n bevel ontvang het, hulle in die binneste gevangenis gewerp en hulle voete in die blok vasgemaak.

25 En omtrent middernag het Paulus en Silas gebid en lofliedere tot eer van God gesing; en die gevangenes het na hulle geluister. 26 En skielik kom daar 'n groot aardbewing, sodat die fundamente van die gevangenis geskud het. En onmiddellik het al die deure oopgegaan en die boeie van almal het losgeraak. 27 En die tronkbewaarder het wakker geword; en toe hy sien dat die deure van die gevangenis oop was, het hy 'n swaard getrek en wou homself om die lewe bring, in die mening dat die gevangenes ontvlug het. 28 Maar Paulus het met 'n groot stem geroep en gesê: Moenie jouself kwaad aandoen nie, want ons is almal hier.

29 En toe hy lig gevra het, spring hy na binne en val bewende voor Paulus en Silas neer. 30 En hy het hulle na buite gebring en gesê: Menere, wat moet ek doen om gered te word?

31 Toe sê hulle: Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word, jy en jou huisgesin.

32 En hulle het aan hom die woord van die Here verkondig en aan almal wat in sy huis was. 33 En in dieselfde uur van die nag het hy hulle geneem en hulle wonde

gewas, en hy is onmiddellik gedoop, hy en al sy mense. 34 Toe bring hy hulle in sy huis en sit hulle 'n maaltyd voor; en hy het hom verheug met sy hele huisgesin dat hy tot geloof in God gekom het.

35 En toe dit dag word, stuur die regters die geregsdienaars en sê: Laat daardie manne los.

36 En die tronkbewaarder het hierdie woorde aan Paulus oorgebring: Die regters het laat weet dat julle losgelaat moet word; gaan dan nou uit en reis in vrede!

37 Maar Paulus sê vir hulle: Hulle het ons in die openbaar onveroordeeld geslaan, ons wat Romeinse burgers is, en ons in die gevangenis gewerp, en wil hulle ons nou in die geheim uitwerp? Volstrek nie! Laat hulle self kom en ons uitlei.

38 En die geregsdienaars het hierdie woorde aan die regters oorgebring, en dié het bang geword toe hulle hoor dat hulle Romeine was. 39 Daarop het hulle gekom en hulle gesmeek en uitgelei met die versoek om uit die stad te vertrek.

40 En nadat hulle die gevangenis verlaat het, het hulle na die huis van Lídia gegaan; en hulle het die broeders gesien, hulle bemoedig en weggegaan.

1. Handeling 16:1-10 – Van Derbe tot by Troas

1 En hy het in Derbe en Listre aangekom; en daar was 'n dissipel met die naam van Timótheüs, seun van 'n gelowige Joodse vrou, maar van 'n Griekse vader.

2 Hy het goeie getuienis gehad van die broeders in Listre en Ikónium. **3** Paulus wou hê dat hy saam met hom op reis sou gaan, en hy het hom geneem en besny ter wille van die Jode wat in daardie streke was; want hulle het almal geweet dat sy vader 'n Griek was.

4 En op hulle reis deur die stede het hulle die verordeninge wat deur die apostels en die ouderlinge in Jerusalem vasgestel was, aan hulle oorgegee om te onderhou. **5** En die gemeentes is versterk in die geloof en het elke dag vermeerder in getal.

6 En hulle het deur die land Frígië en Galásië gegaan, omdat die Heilige Gees hulle verhinder het om in Asië die woord te verkondig. **7** En toe hulle by Mísië kom, het hulle probeer om na Bithínië te gaan, maar die Gees het hulle dit nie toegelaat nie. **8** So het hulle dan Mísië verbygegaan en na Troas afgekom. **9**

En Paulus het 'n gesig in die nag gesien – daar staan 'n Macedóniër wat hom smeek en sê: Kom oor na Macedónië en help ons!

10 En toe hy die gesig gesien het, het ons dadelik probeer om na Macedónië te gaan, omdat ons versekerd was dat die Here ons geroep het om die evangelie aan hulle te verkondig.

1.1 Vrae by Handeling 16:1-10

- | |
|--|
| <ol style="list-style-type: none">1. Hoe het Paulus en Silas tot by Derbe en Listre gereis? (Hand 15:41; 16:1)2. Wie het hulle in Listre ontmoet? (vers 1)3. Wat het oor hom bekend geword aan Paulus en Silas? (vers 2) |
|--|

Paulus en Silas het uit Anthiochië in Sirië noordwaarts vertrek. Lukas berig dat hulle die gemeentes in **Sirië en Cilicië** versterk het. Dit wil dus sê dit is gemeentes in Sirië wat die Here ook tot stand gebring waarskynlik deur die verkondiging van gelowiges wat vanuit Anthiochië af verder noord gewoon of getrek het. Van Sirië af is hulle na Cilicië waar Paulus se geboortestad Tarsus geleë is. In Tarsus en omgewing het Paulus nagenoeg veertien jaar gewerk nadat hy destyds uit Jerusalem moes vlug (vgl. Hand 9:28-31). Die gemeentes in Cilicië is deur die Here tot stand gebring waarskynlik deur middel van die verkondigingswerk van Paulus.

Van Tarsus af het hulle verder noord gereis om deur die Poorte van Cilicië in die gebergtes noord van Tarsus te gaan. Deur hierdie Poort het hulle in die gebied van koning Anthiochus gekom waardeur hulle al weswaarts gereis het om Likaonië te kom by **Derbe**. In Derbe het daar 'n aantal mense tot bekering en geloof in Jesus Christus gekom tydens die eerste sendingreis (Hand 14:21). Van Derbe af is Paulus na **Listre** waar die inwoners van die stad vir hom en Barnabas tydens die eerste sendingreis wou vereer as gode. Maar nadat die Jode van Anthiochië in Pisidië en Ikonium hulle beïnvloed het, het hulle Paulus verwerp en is hy gestenig (Hand 14:8-20).

In Listre het Paulus en Silas vir **Timoteus** ontmoet. Lukas maak enkele opmerkings in verband met Timoteus. In die eerste plek noem hy hom 'n **dissipel**. Dit wil sê,

Timoteus was iemand wat ook in Jesus Christus geglo het. In verband met sy ouers sê Lukas dat **sy ma 'n Joodse vrou was en sy pa 'n Griek**. Timoteus se ma se naam was Eunice (2 Tim 1:3). Dit is dan ook aan die hand van sy ma en sy ouma Loïs dat Timoteus onderrig in die Skrif ontvang het as jongmens.

Afgesien van hierdie kennis aangaande Timoteus het Paulus en en Silas ook **goeie getuienis** aangaande Timoteus ontvang van die broeders in Listre en Ikonium. Timoteus was dus as gelowige dienskneg van Jesus Christus nie net in sy tuisdorp bekend nie, maar ook in Ikonium wat oor die grens geleë was aan die weste kant van Listre. Dit is belangrik dat ander mense ook die goeie eienskappe in Timoteus opgemerk het, want dit beteken dat hy werklik sy geloof verantwoordelik uitleef.

4. Waarom wou Paulus vir Timoteus saamneem op die reis? (vers 3)
5. Waarom het Paulus vir Timoteus besny indien die besnydenis nie vir die gelowiges uit die heidendom nodig was nie? (vers 3)

Lukas skryf geen rede waarom Paulus vir Timoteus op die reis wou saamneem nie. Ons weet egter dat Paulus en Barnabas wat deur die Heilige Gees op die eerste sendingreis gestuur is vir Johannes Markus met hulle saamgeneem het. In verband met Markus het Lukas geskryf dat hy as helper met hulle saamgegaan het. Op hierdie reis het Paulus en Silas saam uit Anthiochië vertrek. Moontlik Paulus vir Timoteus saamgeneem **as helper** en ook **as iemand aan wie hy onderrig kon gee**. Dit is immers bekend dat Timoteus later in die gemeente van Efese 'n bedienaar van die evangelie was. Paulus het in Timoteus 'n betroubare man gesien aan wie hy die leer kon oordra om dit weer aan ander te leer.

Paulus het nie vir Timoteus besny omdat hy gereken het dat Timoteus die besnydenis nodig het vir sy verlossing nie. In die vorige hoofstuk het ons juis gehoor hoe gekant was Paulus daarteen dat die heidene besny moet word nadat hulle tot geloof in Christus gekom het. Timoteus se besnydenis het dus absoluut niks met sy verlossing te doen nie. Deel van die agenda van hierdie reis van Paulus en Silas was om die verordeninge wat die apostels en ouderlinge in Jerusalem vasgestel het

aan die gemeentes van Sirië af en verder deur Galasië oor te dra. Hierdie verordeninge is die besluit wat tydens die vergadering in Jerusalem geneem is in verband met die besnydenis.

Lukas skryf die rede vir Timoteus se besnydenis baie duidelik – **ter wille van die Jode wat in daardie streek was**. Die Jode in daardie streek was daarvan bewus dat Timoteus se ma 'n Jood is en sy pa 'n Griek. Tegnies is Timoteus 'n Jood maar aangesien sy pa 'n Griek is sou die Jode ook geweet of geraai het dat Timoteus nie as klein seuntjie besny is nie. 'n Jood wat nie besny is, is as 'n afvallige beskou – iemand wat ongehoorsaam is aan die Here. So 'n reputasie sou dit vir Timoteus moeilik indien nie onmoontlik gemaak het om onder die Jode in daardie streek werksaam te wees nie. Timoteus is dus besny sodat daar nie onnodige hindernisse in die weg van die uitbreiding van die evangelie onder die Jode sal wees nie. Aangesien Timoteus van Joodse en Griekse afkoms is, sou hy die evangelie aan Jode en Grieke en ander heidene geloofwaardig kon bring, want hy ken albei kulture.

6. Waarom het Paulus en Silas hierdie reis onderneem? (vers 4; vgl ook Hand 15:36)
7. Watter vrug het die Here gegee op hierdie arbeid van Paulus en Silas? (vers 5)

Na hulle terugkeer uit Jerusalem na afloop van die vergadering het Paulus aan Barnabas gesê: **Laat ons teruggaan en ons broeders besoek in al die stede waarin ons die woord van die Here verkondig het, om te sien hoe dit met hulle gaan**. Hierdie besoek het dus ten doel gehad om die gemeentes verder te versterk in hulle geloof, soos wat Paulus en Barnabas reeds tydens die eerste reis gedoen het (Hand 14:21-22).

Lukas berig verder dat Paulus-hulle ook sover as wat hulle gereis het deur die gemeentes wat die Here reeds hier gevestig het **die verordeninge wat die apostels en ouderlinge in Jerusalem vasgestel het aan die gemeentes oor te dra**. Hierdie verordeninge is dan die besluit oor die besnydenis en onderhouding van die

wet wat nie op die nekke van die gelowiges uit die heidene gelê word nie sowel as die onthouding van afgodsoffers en onsedelikheid.

Uit die beriggewing van Lukas is dit nie duidelik of die mense uit Judea wat die onrus in Anthiochië veroorsaak het (Hand 15:1) reeds hulle gif in hierdie gemeentes gesaai het nie. Wat egter belangrik is, is om raak te sien dat die besluit in Jerusalem die hele kerk van die Here raak, daarom word die besluit na elke gemeente ook gebring.

Die besoek van Paulus-hulle sowel as die oordra van die verordeninge is deur die Here gebruik om die gemeentes **in hulle geloof te versterk**. By die bestaande gelowiges was daar nou die sekerheid dat hulle volledig lidmate van die kerk van die Here is en hulle is volkome verlos deur Jesus Christus. 'n Verdere vrug wat die Here op hierdie arbeid van Paulus-hulle gegee het, is dat **die gemeentes elke dag nog in getalle gegroei het**. Die besluit in Jerusalem het dus nog 'n menslike hindernis in die weg van die evangelie uit die weggeruim. En diegene wat tot geloof gekom het in Jesus Christus was versekerd dat hulle niks en niemand anders as Christus nodig het om verlos te wees.

8. Wat was die roete waarlangs Paulus-hulle van Anthiochië in Pisidië gereis het? (vers 6-8)
9. Waarom het Paulus-hulle hierdie roete gereis?

Paulus en Silas het tot by Anthiochië in Pisidië gereis sodat Paulus hom kon vergewis hoe dit met die gelowiges gaan en aan hulle die verordeninge wat deur die apostels en ouderlinge in Jerusalem besluit is, oor te dra. Anthiochië was die laaste van die gemeentes wat tydens die eerste reis tot stand gekom het waar hulle aangedoen het.

Dit blyk dat Paulus en Silas saam met Timoteus **van Anthiochië af verder wes wou reis**. Frigië was 'n geografiese streek en Galasië was 'n Romeinse provinsie. Al vier die gemeentes van Derbe af tot by Anthiochië val binne die provinsie Galasië. Asië was weer 'n Romeinse provinsie wat wes van Galasië geleë was en tot by die kus

aan die weste kant gestrek het. Die geografiese streek van Frigië is binne beide die provinsie Galasië en Asië geleë. In Asië was die stad Efese waarheen Paulus waarskynlik wou gaan, maar die Heilige Gees Paulus hulle verhinder om verder wes in Asië in te reis. Daarom het hulle reis **verder noord gegaan totdat hulle in Misië aangekom het.**

Misië was weer 'n geografiese streek wat in die noordwestelike deel van die Provinsie Asië geleë was. In Misië aangekom wou Paulus-hulle na Bithinië gaan wat nog 'n Romeinse provinsie was. Bithinië was noord van die provinsies Asië en Galasië geleë aan die suidelike kus van die Swartsee. Van Misië het hulle probeer om na Bithinië te gaan, maar die Heilige Gees het hulle nie toegelaat nie. **Daarom het hulle van die grens van Bithinië af verder wes gereis totdat hulle in Troas aangekom het.** Van Anthiochië in Pisidië af tot by Troas soos wat Paulus-hulle gereis was dit net so bietjie meer as 'n duisend kilometer.

Lukas maak dit elke keer duidelik dat die Heilige Gees Paulus-hulle verhinder het en nie toegelaat het om na 'n sekere streek te gaan. Die Heilige Gees het Paulus en Barnabas op die eerste reis gestuur en hulle roete bepaal. En uit die eerste reis se roete kan ons aflei dat die Heilige Gees Barnabas gebruik het – hy was van Cyprus afkomstig. Daar bestaan getuienis dat Paulus Sergius – die goewerneur in Pafos – het familiebande met die mense in Anthiochië in Pisidië. Die Heilige Gees het dus van Paulus Sergius gebruik gemaak om Paulus en Barnabas daarheen te laat reis.

Na die vergadering in Jerusalem het **die Heilige Gees** Paulus se besorgdheid oor die gemeentes in Galasië gebruik om vir hom en Silas op die tweede reis te lei. Die eerste deel van die reis tot by Anthiochië in Pisidië was voor die hand liggend, want dit is oral waar die Here gemeentes geplant het. Van Anthiochië af blyk dit dat die groot stad Efese vir Paulus na die aangewese plek gelyk het om die evangelie te bring. Die Heilige Gees het hulle egter verhinder. Toe hulle na Bithinië wou gaan, het die Heilige Gees hulle nie toegelaat nie. Hoe die Heilige Gees hulle verhinder het en nie toegelaat het nie, is nie vir ons duidelik nie. Maar as gelowige het Paulus homself by die besluit van die Heilige Gees neergelê. In albei hierdie keuses van

Paulus het die Heilige Gees hulle gelei deur die deur na die plekke op een of ander manier vir hulle toe te maak. Troas was nie op Paulus se reisplan nie, maar dit is op die reisplan wat die Heilige Gees vir die evangelie het.

10. Hoe het die Here vir Paulus die weg aangedui van Troas af (vers 9)
11. Wat was Paulus se reaksie op hierdie aanduiding? (vers 10)
12. Waarom het hy so op die aanduiding gereageer? (vers 10)

Op hulle reis van Antiochië in Pisidië af het die Heilige Gees telkens vir Paulus verhinder of nie toegelaat om na 'n sekere deel te reis nie. Hulle was verhinder om na Asië te gaan en hulle is nie toegelaat om na Bithinië te gaan nie. In Troas het die Here Paulus op 'n postiewe wyse aangedui waarheen Hy wil hê hulle moet reis. Gedurende die nag het Paulus 'n gesig gesien. **In die gesig het 'n Macedoniër vir Paulus gesê: Kom oor na Macedonië en help ons!**

Macedonië is 'n Romeinse provinsie in die boonste helfte van Griekeland geleë. Van Asië af het die Here vir Paulus oorgestuur na Europa toe. Macedonië is ook die plek waar Aleksander die Grote vandaan gekom het. In die gesig het die Macedoniër Paulus gesmeek om hulle in Macedonië te gaan help. Daar het dus 'n dringendheid uit die man se stem weerklink. Daar word nie uitdruklik gesê waarmee Paulus moes gaan help nie, maar Paulus het verstaan dat die Here hom stuur om die beste hulp denkbaar te gaan gee – die verkondiging van Jesus Christus.

By Paulus en diegene wat saam met hom gereis het – Silas en Timoteus – was daar geen huiwering oor waarheen van Troas af nie. Na die gesig het hulle dadelik probeer om na Macedonië te gaan. Om van Troas na Macedonië te gaan, het beteken dat hulle per skip oor die Aegeïse See moes vaar.

Dit is opmerklik dat Lukas hier in vers 10 van die derde persoon meervoud *hulle* na die eerste persoon meervoud *ons* oorskakel. Hierdie wisseling gee 'n mens die idee dat Lukas in Troas by Paulus en sy reisgeselskap aangesluit het. Die Here se weë laat 'n mens keer op keer verstom staan. Op twee plekke het die Here Paulus

verhinder om te gaan, want die Here wou hom in Troas hê. Daar moes Lukas by hom aansluit. Lukas is 'n mediese dokter en hy is later deur die Here gebruik om die boek Handelingte te skryf.

Dit is nie net Paulus nie maar almal wat saam met hom was wat sonder huiwering probeer het om na Macedonië toe oor te gaan. Die rede wat Lukas vir hierdie onmiddellike reaksie gee, was **omdat ons versekerd was dat die Here ons geroep het om die evangelie aan hulle te verkondig**. Al vier van hulle – Paulus, Silas, Timoteus en Lukas – was versekerd dat dit die Here is wat hulle stuur om die evangelie aan die Macedoniërs te bring. Al vier van hulle het dus so in die skaduwee van die Here geleef dat hulle nie getwyfel het oor die boodskap van die Here nie.

2. Handelingte 16:11-15 – Die bekering van Lydia

11 Ons het dan afgevaar van Troas en reguit koers gehou na Samothráce, en die volgende dag na Neápolis, **12** en daarvandaan na Filíppi, wat die eerste stad is van daardie deel van Macedónië, 'n kolonie. En ons het in hierdie stad 'n paar dae deurgebring.

13 En op die sabbatdag het ons uitgegaan buitekant die stad langs 'n rivier waar die gebruiklike bidplek was, en ons het gaan sit en met die vroue gespreek wat daar bymekaargekom het. **14** En 'n vrou met die naam van Lídia, 'n purperverkoopster van die stad Thiatíre, 'n godsdienstige vrou, het geluister; die Here het haar hart geopen om ag te gee op wat deur Paulus gesê is. **15** En toe sy en haar huisgesin gedoop is, het sy by ons aangedring en gesê: As u oordeel dat ek in die Here glo, kom dan in my huis en bly daar. En sy het ons gedwing.

2.1 Vrae by Handelingte 16:11-15

- | |
|--|
| <ol style="list-style-type: none">1. Hoe het Paulus-hulle van Troas tot by Neapolis gereis? (vers 11)2. Wat was so besonders aan die stad Filippi? (vers 12)3. Waarom sou die gebruiklike bidplek buitekant die stad langs 'n rivier wees? (vers 13) |
|--|

4. Wat is besonder aan die feit dat Lukas noem dat daar vroue bymekaar was?
(vers 13)

Paulus en die drie manne saam met hom – Silas, Timotheus en Lukas – het van **Troas af na Samotrace** per skip gevaar. Lukas merk op dat hulle reguit koers gehou het na Samotrace. Die volgende dag het hulle **van Samotrace af na Neapolis** gevaar. In totaal is dit ongeveer 226 km ver. Die woord wat vertaal word met *reguit koers gehou* is 'n seevaartsterm wat daarop dui dat hulle die wind van agter gehad het. Binne twee dae was hulle van Asië af in Europa. Toe Paulus by 'n latere geleentheid van Neapolis af na Troas gevaar het, het dit hom vyf dae geneem (Hand 20:6). Neapolis was die hawestad vir Filippi en omstreke. Filippi was sowat 16 km van Neapolis af in die binneland geleë.

Lukas meld dat Filippi die eerste stad was in daardie deel van Macedonië. Daarmee het hy bedoel dat **Filippi** die belangrikste stad in daardie deel van Macedonië was. Ons sou ook kon sê dat dit die hoofstad van daardie deel van Macedonië was. Die stad was vroeër Crenides genoem, maar is vernoem na Phillip van Macedonië die pa van Aleksander die Grote.

In 42 vC het Augustus en Markus Antonius vir Brutus en Cassius – die moordenaars van Julius Caesar – in 'n burgeroorlog oorwin naby Filippi. Filippi is toe tot 'n Romeinse kolonie verklaar waar baie afgetrede soldate gewoon het. Inwoners van 'n Romeinse kolonie het dieselfde regte en voorregte gehad as 'n burger in Rome self. Die Heilige Gees het Paulus na hierdie stad gelei alhoewel Paulus in die gesig net 'n Macedoniese man gesien het. Moontlik het Paulus gereken dit is wensliker om die evangelie in so 'n belangrike stad te bring sodat dit vandaar verder kan versprei as wat dit na so 'n stad toe kan versprei.

Tot dusver het Paulus elke keer begin om die evangelie aan die Jode te verkondig wanneer hulle op die sabbatdag in die sinagoge vergader het. Op die sabbatdag wat Paulus-hulle in Filippi was, het hulle langs 'n rivier die gebruikelike bidplek gekry. Die voorwaarde vir die begin van 'n sinagoge is dat daar ten minste tien Joodse

manne moet wees. **Die feit dat die gebruiklike bidplek buitekant die stad langs 'n rivier was, bevestig dat daar in Filippi nie tien Joodse manne was om 'n sinagoge binne in die stad te begin nie.** Op die sabbat wat Paulus by die bidplek aangekom het, was daar ook net vroue bymekaar. Die gebruiklike bidplek was dus langs 'n rivier (vgl. Ps 137) sodat die gebruiklike reinigingsrituele ook uitgevoer kan word wat gewoonlik in 'n sinagoge sou gebeur het.

By die aankom by hierdie gebruiklike bidplek buite die stad het Paulus-hulle vroue wat daar bymekaargekom het aangetref. Lukas maak glad nie melding van 'n man by hierdie bidplek nie. Anders as wat die gebruik onder die Jode altyd is, het Paulus-hulle gaan sit en met die vroue wat daar bymekaar was gespreek. As 'n Fariseër sou Paulus nooit net met vroue gespreek het nie. Inteendeel, as Fariseër het hy die Here gewoonlik gedank dat hy nie 'n heiden, 'n slaaf of 'n vrou is nie (vgl. Gal 3:28). **Hier merk ons op watter verandering die Heilige Gees al in Paulus teweeg gebring het.** Waar mense saam vergader het om die Here te aanbid daar het Paulus die evangelie van Christus verkondig. In Filippi het die Here dit so beskik dat daar by hierdie bidplek net vroue bymekaar was en daarom het Paulus aan hulle verkondig.

- | |
|---|
| <ol style="list-style-type: none">5. Wat maak die Heilige Gees alles aangaande Lidia aan ons bekend? (vers 14)6. Wat het die Here met Lidia gedoen? (vers 14)7. Op grond waarvan het Lidia aangedring dat Paulus-hulle by haar tuis gaan? (vers 15)8. Waarom wou Lidia dat Paulus-hulle by haar tuis gaan, aangesien hulle al 'n paar dae in die stad was? (vers 15) |
|---|

Aangaande Lidia vertel die Heilige Gees dat **sy 'n purperverkoopster van Thiatire was en sy was 'n godsienstige vrou.** Lidia was 'n vermoënde besigheidsvrou, aangesien daar wetgewing bestaan het wie mag purper klere dra. Dus het Lidia se kliënte uit die heel boonste deel van die Romeinse samelewing gekom. Purper was ook 'n baie duur kleurstof.

Thiatire is in die Romeinse provinsie Asië geleë waarheen die Heilige Gees Paulus verhinder het om te gaan. Lidia was waarskynlik in Filippi as gevolg van die handel wat sy gedryf het. In Thiatire was daar later ook 'n gemeente en het deel gevorm van die sewe gemeentes in Asië aan wie Johannes die briewe van Christus moes skryf (Open 2:18-29).

Lukas meld ook dat sy 'n godsdienstige vrou was. Aangesien sy tussen die vroue is wat by die gebruiklike bidplek buite die stad vergader, is dit moontlik dat sy inderwaarheid 'n proseliet was. Sy het dus in die God van Israel geglo en daarom het sy saam met die ander vroue by hierdie bidplek vergader.

Paulus het die evangelie van Jesus Christus aan hierdie vroue verkondig. **Die Here het Lidia se hart geopen vir die woorde wat Paulus gespreek het.** Met ander woorde, die Here het vir Lidia deur middel van die verkondiging tot bekering en geloof in Jesus Christus gebring. Jesus het immers gesê dat niemand na Hom toe kan kom as die Vader in die hemel so 'n mens nie trek nie. Die wedergeboorte is die werk wat God die Heilige Gees in 'n mens se hart doen. Die gevolg van die wedergeboorte is die geloof in Christus. Lidia en haar gesin is toe op daardie dag gedoop. Sodoende is die belofte van die Here aan haar en haar gesin verseël.

Lidia het op grond van Paulus-hulle se oordeel aangedring dat hulle by haar tuisgaan. Die feit dat sy en haar huisgesin deur hulle gedoop is, was vir haar die versekering dat ook Paulus-hulle oortuig is dat sy werklik 'n volgeling van Jesus Christus is. Dit is hulle gemeenskaplike verhouding met Christus wat haar dring om gasvryheid te betoon aan die diensknegte van die Here. As 'n vermoënde vrou sou sy sekerlik ook ruim plek hê om die vier manne te huisves vir solank as wat hulle nog in Filippi is.

Paulus-hulle was al 'n paar dae in Filippi voordat hulle vir Lidia ontmoet het. Dus het hulle iewers in die stad tuisgegaan, waarskynlik in 'n herberg. Lidia het egter by hulle aangedring om by haar tuis te gaan, **aangesien die herberg van daardie tyd nie**

altyd die beste plek was om te bly nie. Lidia se verhouding met Christus wat sy met Paulus-hulle gedeel het, het veroorsaak dat sy hulle ook die veiligste en beste blyplek wou verseker.

3. Handeling 16:16-40 – Paulus en Silas gevange in die tronk in Filippi

16 En terwyl ons op pad was na die bidplek, kom 'n slavin met 'n waarsêende gees ons teë, wat vir haar eienaars deur waarsêery groot wins ingebring het.

17 Sy het Paulus en ons gevolg en geskreeu en gesê: Hierdie manne is dienaars van God, die Allerhoogste, en hulle verkondig aan julle die weg van verlossing.

18 En dit het sy baie dae lank gedoen; maar baie ontevrede daaroor, het Paulus hom omgedraai en vir die gees gesê: Ek beveel jou in die Naam van Jesus Christus om uit haar uit te gaan. En hy het op dieselfde oomblik uitgegaan.

19 En toe haar eienaars sien dat die hoop van hulle wins weg was, het hulle Paulus en Silas gegryp en hulle na die mark voor die owerheid gesleep 20 en hulle voor die regters gebring en gesê: Hierdie manne bring ons stad in opskudding, omdat hulle Jode is, 21 en hulle verkondig sedes wat vir ons nie geoorloof is om aan te neem of na te volg nie, omdat ons Romeine is.

22 En die skare het saam teen hulle opgestaan, en die regters het hulle klere laat afskeur en bevel gegee om hulle met stokke te slaan. 23 En toe hulle hul baie slae gegee het, het hulle hul in die gevangenis gewerp en die tronkbewaarder bevel gegee om hulle sorgvuldig te bewaak. 24 Hy het toe, omdat hy so 'n bevel ontvang het, hulle in die binneste gevangenis gewerp en hulle voete in die blok vasgemaak.

25 En omtrent middernag het Paulus en Silas gebid en lofliedere tot eer van God gesing; en die gevangenes het na hulle geluister. 26 En skielik kom daar 'n groot aardbewing, sodat die fundamente van die gevangenis geskud het. En onmiddellik het al die deure oopgegaan en die boeie van almal het losgeraak.

27 En die tronkbewaarder het wakker geword; en toe hy sien dat die deure van die gevangenis oop was, het hy 'n swaard getrek en wou homself om die lewe bring, in die mening dat die gevangenes ontvlug het. 28 Maar Paulus het met

'n groot stem geroep en gesê: Moenie jouself kwaad aandoen nie, want ons is almal hier.

29 En toe hy lig gevra het, spring hy na binne en val bewende voor Paulus en Silas neer. 30 En hy het hulle na buite gebring en gesê: Menere, wat moet ek doen om gered te word?

31 Toe sê hulle: Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word, jy en jou huisgesin.

32 En hulle het aan hom die woord van die Here verkondig en aan almal wat in sy huis was. 33 En in dieselfde uur van die nag het hy hulle geneem en hulle wonde gewas, en hy is onmiddellik gedoop, hy en al sy mense. 34 Toe bring hy hulle in sy huis en sit hulle 'n maaltyd voor; en hy het hom verheug met sy hele huisgesin dat hy tot geloof in God gekom het.

35 En toe dit dag word, stuur die regters die geregsdienaars en sê: Laat daardie manne los.

36 En die tronkbewaarder het hierdie woorde aan Paulus oorgebring: Die regters het laat weet dat julle losgelaat moet word; gaan dan nou uit en reis in vrede!

37 Maar Paulus sê vir hulle: Hulle het ons in die openbaar onveroordeeld geslaan, ons wat Romeinse burgers is, en ons in die gevangenis gewerp, en wil hulle ons nou in die geheim uitwerp? Volstrek nie! Laat hulle self kom en ons uitlei.

38 En die geregsdienaars het hierdie woorde aan die regters oorgebring, en dié het bang geword toe hulle hoor dat hulle Romeine was. 39 Daarop het hulle gekom en hulle gesmeek en uitgelei met die versoek om uit die stad te vertrek.

40 En nadat hulle die gevangenis verlaat het, het hulle na die huis van Lídia gegaan; en hulle het die broeders gesien, hulle bemoedig en weggegaan.

3.1 Vrae by Handeling 16:16-40

- | |
|---|
| <ol style="list-style-type: none">1. Wat word aangaande die slavin aan ons bekend gemaak? (vers 16)2. Wat het die slavin oor Paulus-hulle te sê gehad? (vers 17) |
|---|

3. Waarom het Paulus ontevrede geword en die gees beveel om uit die slavin uit te gaan? (vers 18)

Dit blyk dat Paulus-hulle na die eerste sabbat wat hulle na die bidplek buite die stad gegaan het (Hand 16:13) gereeld die bidplek besoek het om die evangelie aan mense te verkondig. Verskeie dae na mekaar was daar 'n slavin wat hulle teëgekom het op pad na die bidplek toe. Aangaande die slavin sê Lukas dat die slavin 'n **waarsêende gees gehad** het en sy het **vir haar eienaars groot wins ingebring deur waarsêery**.

Die woorde wat vertaal is met *waarsêende gees* is letterlik *die gees van Puthon*. Puthon is 'n soort slang wat in die Griekse mitologie met Apollo verbind word. Die slang het aan die suidelike hange van die berg Parnassus gebly en is deur Apollo doodgemaak. Die gees van die slang woon dan kwansuis in mense en stel hulle in staat om voorspellings te maak.

Hier het Paulus-hulle met 'n bose gees te doen gehad. Ons moet nie dink dat bose geeste by magte is om die toekoms te voorspel nie. Bose geeste is in staat om menslike gedrag te antisipeer. En op grond van die antisipasie van die mens se gedrag word daar uitsprake gemaak, wat veroorsaak dat mense dink dat hulle toekoms voorspel is. Dit is 'n duiwelse praktyk waarmee die duiwel poog om God se alwetendheid na te boots. Onder die heidene in Filippi het die slavin se eienaars groot winste gemaak.

Die slavin gedryf deur die bose gees in haar het vir dae lank as aankondiger van Paulus-hulle opgetree in die strate van Filippi. Ons vertalings lees dat die slavin geskreeu het: Hierdie manne is dienaars van **God, die Allerhoogste**, en hulle verkondig aan julle die weg van verlossing. **In werklikheid staan daar geskryf dat Paulus-hulle 'n weg van verlossing verkondig en nie die weg van verlossing nie**.

Deur van God die Allerhoogste te praat, kon sy in werklikheid van enige god gepraat

het. Grieke, Romeine en Jode se aandag sou deur daardie woorde getrek gewees het. Die eerste keer toe Paulus aan volslae heidene verkondig het, het hy gepraat van die lewende God wat hemel en aardse geskape het en hy het ook gepraat van die regering van God (Hand 14:15-17). Om net te praat van God die Allerhoogste is vaag en dit is 'n baie inklusiewe begrip terwyl ons God die Vader van Jesus Christus die enigste lewende God is.

Deur te sê dat Paulus-hulle 'n weg van verlossing verkondig, impliseer dat daar baie verskillende weë is om verlos te word. So 'n wyse van praat laat mense dink dat dit nie saak maak watter godsdiens jy beoefen of watter god jy aanbid nie, alle godsdienste lei na dieselfde plek van verlossing. Hierdie leuen word tot vandag toe nog aan mense verkondig terwyl Jesus gesê het dat Hy die weg en die waarheid en die lewe is. Niemand kom by God uit nie behalwe deur Hom (Joh 14:6).

Afgesien van wat die gees deur die slavin kwyt geraak het, het Paulus geweet dat die dit 'n bose gees is wat besit het van die slavin. Indien Paulus dit maar net los, **sal mense dink dat die boodskap wat hy verkondig geassosieer word met die bose gees wat die mense geweet het in haar is.** Jesus Christus en die duiwel is verseker nie kamerade nie. Om duidelik te maak dat die evangelie geensins verband hou met die bose gees se werk in die meisie nie, het Paulus die gees in die Naam van Jesus Christus beveel om uit haar uit te gaan. 'n Mens word aan jou vriende en vyande geken.

Paulus het nie met sy eie gesag die bose gees uitgedryf nie, maar met die gesag van Jesus Christus. Dit is alleenlik Jesus Christus wat die geeste uitdryf. En die gees het onmiddellik uit haar uitgegaan omdat Jesus Christus almagtig is en die bose geeste onderwerp hulle aan Hom.

- | |
|--|
| <ol style="list-style-type: none">4. Waaroor was die eienaars van die slavin die meeste bekommerd? (vers 19)5. Waarom het hulle net vir Paulus en Silas gegryp? (vers 19)6. Watter klagte het hulle teen Paulus en Silas gelê? (vers 20)7. Watter motivering of bewyse het hulle vir die klagte gegee? (vers 20-21) |
|--|

Toe Paulus die bese gees in die Naam van Jesus Christus beveel het om uit die slavin uit te gaan, het hy oombliklik uit haar uitgegaan. Onmiddellik het die slavin opgehou om te sê wat Paulus-hulle doen en sy kon glad nie meer voorspellings maak soos wat haar eienaars gedink het sy kan doen nie. Die mense wat haar as slavin aangehou het, het geld gemaak uit haar – mense het betaal om te hoor wat hulle in die toekoms te wagte kan wees. Vir die eienaars van die slavin het dit gegaan net oor die geld wat hulle maak. Hulle was geensins bekommerd oor die slavin self nie. **Toe die bese gees nie meer in die slavin was nie, was die eienaars hulle bron van inkomste kwyt.** Dus het dit vir die eienaars net oor hulleself gegaan en wat hulle verloor het.

Van die vier mense – Paulus, Silas, Timoteus en Lukas – was **Paulus en Silas die enigste twee wat duidelik soos Jode gelyk het.** Van beide ouers se kant af was Paulus en Silas Jode. Timoteus het 'n Griekse pa en 'n Joodse ma gehad, daarom was die tipies Joodse gelaatstrekke nie so opsigtelik by hom nie. Lukas was van heidense afkoms.

Claudius was gedurende hierdie tyd keiser in Rome en dit was hy wat bevel gegee het dat die Jode uit Rome moes vertrek (Hand 18:2). Daar was dus 'n anti-Joodse sentiment reeds onder die burgerlike leiers van die Romeinse ryk of dit was aan die opbou. Filippi as 'n Romeinse kolonie se optrede teenoor die Jode sou net soos die van Rome gewees het. Die eienaars van die slavin het juis Paulus en Silas se Joodse afkoms as eerste motivering gegee vir die klag teen hulle.

Die klagte wat die eienaars van die slavin teen Paulus en Silas gelê het, was dat **hulle die stad in opskudding bring.** In werklikheid was die sogenaamde opskudding net 'n skudding aan hulle sak en nie aan die stad nie. Maar omdat hulle duidelik kon sien dat Paulus en Silas Jode is, het hulle dadelik aangeneem dat hulle ook nie Romeinse burgers is nie. In die Romeinse ryk het daar twee stelde wette gegeld – 'n stel vir Romeinse burgers en 'n stel vir nie-Romeinse burgers. Die eienaars van die slavin het hierdie onderskeid in handhawing van die reg gebruik om

Paulus en Silas by te kom oor die verlies aan inkomste. Die eienaars van die slavin het met hulle beskuldiging teen Paulus en Silas die hele skare agter hulle gekry en dit het ook nie baie oorreding gekos om die regters ook aan hulle kant te kry nie (vgl. vers 22).

Die bewyse vir die klagte teen Paulus en Silas was die feit dat hulle **Jode was en hulle sedes verkondig wat vir die Romeine ongeoorloof is**. Die anti-Joodse sentiment was redelik groot al in die samelewing daarom word die Joodse afkoms as eerste bewys voorgehou. Die tweede bewys wat saamhang met die Joodse afkoms is die sedes wat hulle verkondig. Paulus het alleenlik die bose gees uit die slavin verdryf in die Naam van Christus. As daar dan van sedes gepraat kan word, is die enigste dat 'n mens nie moet toelaat dat jy onder die beheer van bose geeste kom nie.

Tog bly die aanklag en bewyse maar redelik vaag. Die feit dat die eienaars van die slavin klem lê op die feit dat hulle Romeine is en Paulus en Silas Jode, blyk eintlik die enigste rede te wees en ook genoegsame rede om 'n veroordeling te kry. Dit blyk dat daar nie eers behoorlik ondersoek gedoen is na die klagte of die bewyse nie.